

## 14 Mei 1 Timoteus 6: 6 -10

### ***Die Gebod oor tevredenheid!***

Op die oog af lyk dit asof die tiende gebod 'n herhaling is van die sewende en agtste gebod. Die sewende gebod leer: ek mag nie egbreuk pleeg nie. Die tiende gebod: Ek mag nie my naaste se vrou begeer nie. Die agtste gebod verbied diefstal - die tiende gebod waar diefstal normaalweg begin - by die begeer van my naaste se besittings.

Tog herhaal die tiende gebod nie. Dit word vir 'n mens baie duidelik in Paulus se raad aan Timoteus.

God leer ons deur Paulus dat 'n mens se godsdienst eers waarlik winsgewend, ryk word, as jy geleer het om tevrede te wees met wat jy het.

Is dit nie een van die grootste sondes van die mens nie, 'n sonde waar-voor God 'n eie aparte gebod moes maak het, naamlik dat ons normaalweg nooit tevrede is met wat ons het nie? Ons begeer altyd die dinge wat ons naaste beter het as ons.

Die tiende gebod waarsku nie teen die begeer van my naaste se vrou om egbreuk te wil pleeg nie, nee, die tiende gebod waarsku my om nie te begeer en sodoende ontevrede te raak met my man of my vrou nie. Net so ook waarsku God ons nie in die gebod teen begeerte wat tot diefstal sal lei nie, maar wel begeerte wat tot ontevredenheid sal lei.

Vader, leer ons om dankbaar en tevrede te wees al sou ons selfs net kos en klere hê.

Sing Skrifberyming 17:1 en 6      Ds. W. Venter (Bloemfontein)